



meen die voorspel dra by tot 'n bepaalde atmosfeer wat die gemeente se harte ontvanklik maak vir 'n beewing van die erediens. Die tussenspel sluit aan by die inhoud van die preek en wys vooruit na die slotsang wat die erediens afsluit. "Die naspel wil altyd die hoop van die Evangelie bevestig", aldus die woorde van Temmingh in die voorwoord van die handleiding by die CD.

'n Verskeidenheid genres word aangebied: die CD begin met 5 lofliedere, gevolg deur 'n snit wat van vertroue op God spreek (*Jesus, Rots vir my geslaan* gekombineer met *Vaste Rots op wie ek bou*), 'n verlossingslied, 2 gebede, 'n lied wat vertroue op God uitspreek (Psalm 23), 'n kombinasie van 'n danklied (*Aan die Vader dank en ere*) en 'n lied wat die wederkoms van Christus besing (*As Hy weer kom, as Hy weer kom*) uit Johannes 14:1-6, 'n gebed vir elke volk, 'n loflied waarin God geëer word en afgesluit met 'n grootse danklied (*Heilig, heilig, heilig*) op die alombekende melodie van Franz Schubert.

Hierdie CD, wat getuig van 'n besondere vermoë om bekende liedere op 'n nuwe, kunstige wyse aan te bied, kan met groot vrymoedigheid aanbeveel word.

CHOR UND ORGELMUSIK AUS DEM HOHEN DOM ZU KÖLN



L. Vierne: *Messe Solennele cis-Moll, op. 16; Naiades,*

op. 55/4; C.M. Widor: *Messe fis-Moll;*

L. Vierne: *Adagio aus der 3. Orgelsinfonie fis-Moll, op. 28;*

J. Langlais: *Messe Solennele, op. 36;*

N. Hakim: *2. Satz aus The Embrace of Fire*

Vokalenensemble Kölner Dom & Männerstimmen des Kölner Domchores

Eberhard Metternich (koorleier)

Winfried Böinig & Ulrich Brüggemann (orrels)


MOTETTE 50814 (CD 78:12)

Duitse, Engelse en Franse kommentaar ingesluit

Resensent: CHRISTIAAN CARSTENS

Jeffreysbaai


BACH IM KÖLNER DOM



J.S. Bach: *Sinfonia D-Dur aus Kantate BWV 29; Invention F-Dur; Arie aus Kantate BWV 208* ("Schafe können sicher weiden"); *Präludium und Fuge C-Dur, BWV 547; Invention a-mol BWV 784; Choral aus Kantate BWV 22* ("Ertödt'uns durch dein'Güte"); *Sinfonia aus Kantate BWV 75* ("Was Gott tut, das ist wohlgetan"); *Chaconne d-moll, aus BWV 1004*; **C.M. Widor:** *Bachs Memento*;
J.S. Bach: *Invention d-moll BWV 775; Choral aus Kantate BWV 79* ("Nun danket alle Gott")

MOTETTE13711 (CD 72:49)
Duitse en Engelse kommentaar

WINFRIED BÖNIG AN DEN ORGELN IM HOHEN DOM ZU KÖLN



E. Gigout: *Grand Chœur Dialogue*; **S. Karg-Elert:** *Homage to Handel*; **M. Dupré:** *Magnificat-Versetzen, op. 18*; **F. Schmidt:** *Präludium und Fuge D-Dur* ("Halleluja"); **F. Liszt:** *Evocation à la Chapelle Sixtine*; **C. Saint-Saëns:** *Danse macabre*; **E. Lemare:** *Rhapsody*; **S. Prokofieff:** *Toccata*

MOTETTE CD 12191
(CD 79:20)

Duitse, Engelse en Franse
kommentaar ingesluit

Die katedraal van Keulen slaag altyd daarin om die besoeker se asem weg te slaan met sy monumentale aansig en massiewe tweelingtorings. Die skip van hierdie fantastiese gebou is 41m lank, 45m wyd en 'n allemintige 43m van vloer tot plafon. Onnodig om te sê dat klank in hierdie ruimte 'n buitengewone nagalm het. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is die kerk deur bomme getref, maar die skade was van so 'n aard dat die gebou tot sy volle glorie gerestoureer kon word.

In 1948, terwyl die restourasie nog aan die gang was, is 'n 45m hoë verskansing gebou om die reeds voltooide oostelike deel van die kerkgebou af te skort sodat dit vir eredienste gebruik kon word. Die orrel- en koorgalery is gebou in die noord-oostelike hoek van die kruising, digby die altaar, en 'n driemanuaal-orrel (die sg. transept-orrel) is geïnstalleer. Die akoestiese implikasie van hierdie installering was destyds nog nie so opvallend nie, maar toe die afskorting in 1956 verwyder is, was die orrelklank heeltemal ontoereikend. Die instrument is met 'n vierde manuaal vergroot en die registers is tot 86 uitgebrei. Vir gemeentebegleiding was die instrument egter nie heeltemal bevredigend nie omdat dit baie ver vanaf die gemeente geplaas is. Na jare is daar egter besluit om 'n tweede orrel in die skip van die kerk as 'n sg. swaelnes-instal-lasie, hoog bokant die gemeente, te bou. Beide die transept- en skiporrels kan van dieselfde speeltafel in die koorgalery beheer word. Hierdie projek is in 1998 afgehandel. Sedert 2002 is daar drie besondere CD's vrygestel waarby Winfried Böning, katedraalorrelis sedert 2001 en professor aan die Keulse *Hochschule für Musik*, betrokke is met drie interessante en inspirerende programme.

Die titel van die CD-uitreiking *Winfried Böning an den Orgeln im hohen Dom zu Köln* stel dit onomwonde dat dit hier gaan om die twee instrumente in die katedraal van Keulen, asook die virtuositeit van die orrelis Böning. Die orrels word afsonderlik, maar ook in kombinasie, gehoor. Afgesien van die *Gigout Grand Chœur Dialogue* en die *Evocation à la Chapelle Sixtine* van Liszt, is die res van die program 'n aangename ontginning van onbekende orrelrepertorium uit die 19de en 20ste eeu. Drie transkripsies, nl. die *Danse macabre* (Saint-Saëns), *Rhapsody* (Lemare) en *Toccata* (Prokofieff) word treffend en met groot virtuositeit uitgevoer en pas die orrels soos 'n handskoen. Die sg. *Hochdruckwerk* (o.a. Tuba magna 16', Tuba major 8' en Tuba mirabilis 8') word mildelik ingespan om die 'demoniese' elemente in die *Danse macabre* te verklank en om die Prokofieff-tokkate tot 'n opwindende slot te voer. Die geweldige akoestiek lewer 'n sublieme bydrae tot die opwinding van hierdie opname.

Die program wat aangebied word op die CD *Bach im Kölner Dom* bestaan deurgaans uit transkripsies van Bachwerke en bydraes deur Maurice Duruflé, Virgil Fox, Wolfram Gehring, Harvey Grace, Wilhelm Middelschulte, Max Reger, Karl Straube, Charles Marie Widor en Winfried Böning is vir hierdie opname gekies. Van barokuitvoeringspraktyke is daar weinig sprake, maar die luisteraar word bekendgestel aan transkripsies uit die boonste rakke en kry terselfdertyd ook 'n klankmatige kykie op die registrasiekuns wat met die uitvoering van hierdie transkripsies gepaard gaan.

Uittreksels uit kantates (*sinfonias*, korale en een aria) en enkele tweestemmige *Inventionen*, asook die mooi *Präludium und Fuge C-Dur* word keurig voorgedra en die simfoniese registrasie-inkleding voortreflik verklank. In die *Fuga* word daar telkens, anders as wat die heersende gedagtegang oor historiese uitvoeringspraktyke dit sou wou hê, registers bygevoeg en wegge-nem in 'n poging om stemintredes of motiewe uit te lig. Twee werke wat besondere aandag trek, is Middelschulte se transkripsie van die bekende *Chaconne in d*, en Widor se *Bach's Memento*. Middelschulte se registrasieaanwysing is baie spesifiek en sagter passasies word effektief gekontrasteer met meer luide seksies. In hierdie komposisie van ongeveer 15 minute word die verrassende verskeidenheid klankkleure van die twee katedraalorrels op 'n effektiewe wyse benut. *Bach's Memento* is 'n suite en bestaan uit die volgende bewegings: *Marche du Veilleur de Nuit* (gebaseer op *Wachet auf*), *Miserere Mei* (*Prelude in d* uit die '48' in 'n stadige tempo), *Sicilienne* en *Mattheus Final*. Die eerste twee bewegings word melodies aansienlik uitgebrei, die

tweede beweging verkry 'n dramatiese karakter deur die stadige tempo en swaar plenum (heeltemal in teenstelling met die oorspronklike *Prelude*), maar in die derde en vierde bewegings word die oorspronklike materiaal so te sê ongeskonde gelaat. Widor se registrasievoorskrifte is geïnspireer deur die simfoniese klankideaal van die Franse Cavaille-Coll-orrel. Dit is veral merkbaar in die indrukwekkende uitvoering van die *Mattheus Final*.

Die CD-uitreiking *Chor und Orgelmusik aus dem Hohen Dom zu Köln* bevat drie misse uit Franse bodem: dié van Widor, Vierne en Langlais. Enkele orrelstukke van Vierne en Hakim voltooi die program.

Widor se *Mis in f-kruis* is vir die eerste keer uitgevoer in die Paryse St. Sulpice-kerk gedurende 1878. Die besetting vereis twee kore ('n manne- en 'n gemengde koor) en twee orrels. Die mannekoor sing, met enkele uitsonderings, eenstemmig en die ander koor in die gebruikelike vier stemme. Soos vele Franse katedrale, was daar 'n tweede koororrel beskikbaar, en Widor het nie geskroom om al die musikale middele tot sy beskikking in te span nie. Tydens die eerste uitvoering is die koor van St. Sulpice bygestaan deur studente uit die nabygeleë seminarium waar voornemende priesters teologiese opleiding gekry het. Hoewel die koororrel hoofsaaklik die begeleiding vir die kore behartig, word hoogtepunte benadruk met die majestueuse klanke van die groot orrel. Verder het Widor ook die lewendige akoestiek van die kerk in gedagte gehou toe hy hierdie mis gekomponeer het.

Vierne se *Messe solennelle* is op 8 Desember 1901 vir die eerste keer uitgevoer – ook in die St. Sulpice-kerk. Soos in die mis van Widor, het Vierne ook twee orrels gespesifiseer. Hierdie mis vereis egter slegs 'n groot gemengde koor. Tydens die eerste uitvoering is die koororrel deur Vierne bespeel en sy leermeester en vriend, Widor, het die groot orrel bokant die hoofingang beman.

Langlais se *Messe solennelle*, Op. 67 vir koor en orrel (met die verwysing “avec Grand Orgue ad libitum”) is van die drie misse op hierdie CD waarskynlik die moeilikste vir kore. Veranderinge in metrum, *divisi* tussen alte en tenore, bykomend tot die sterk 20ste eeuse styl, maak hierdie werk byna alleenlik geskik vir professionele sangers.

Die *Vokalenensemble Kölner Dom* en *Männerstimmen des Kölner Domchores* lewer uitvoerings van hoogstaande gehalte. Die kontraste wat Widor en Vierne tussen orrels en kore verlang, word effektief verklank en op 'n subtiële wyse deur die akoestiek gedefinieer. Orreliste Bönig en Brüggemann moet ook spesiaal uitgesonder word vir hulle uitstekende begeleiding van die kore. In hierdie groot akoestiek met 'n lang nagalm, kan die koorklank maklik verdwyn en deur die orrels oorheers word. Bykomend daartoe is ook die afstand tussen die twee orrels, en tussen koor en die skiporrel, 'n slagkat vir enige opname-ingenieur. Die tegniese vernuf waarmee hierdie opnames gedoen en afgerond is, maak van die hele produk 'n opwindende en musikale belewenis.

'n Hoë standaard van afronding is gehandhaaf by die versorging van hierdie drie CD-vrystellings. Die aantreklike verpakking van die CD's is in 'n hardebandboekie i.p.v. die gebruikelike plastiese houër. Pragfoto's op die buiteblad, die agterblad, en ook

binne-in, van die geweldige kerkrui, die orrels en speeltafels, kleurrike vensters en die kunstenaars, is aanloklik. Programnotas oor die verskillende komposisies gee toereikende inligting, is dikwels meer uitgebreid met insiggewende vertellings en word ook aangevul met interessante essays oor die orrels in die katedraal van Keulen, opname-tegnieke wat gebruik is en die kuns van transkripsie. Die CD self is telkens heel laaste in die boekie in sy eie sakkie verpak.

Hierdie drie CD's met hul innoverende programme is nie net aan te beveel vir die fynproewer wat graag nuwe werke wil leer ken en waardeer nie, maar ook vir liefhebbers van koor- en orrelmusiek.